AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

SEDERT 1920

18 Mei 2018

Gr 8 en 9 EKSAMENREËLINGS - JUNIE 2018

Geagte Ouers

1. *Datums en tye*

Die volledige eksamenrooster is reeds aan elke leerling verskaf. Dit is op die skool se webtuiste beskikbaar asook op die Affie-toep en Moodle by die vak Lewensoriëntering (LO). Die lokaalindeling word eersdaags aan leerlinge verskaf.

Die eksamen vind plaas vanaf Maandag 28 Mei tot Vrydag 15 Junie.
Na afloop van die eksamen is daar verpligte skoolbywoning van Maandag 18 tot Donderdag 21 Junie. Tydens hierdie vier dae sal antwoordstelle uitgedeel, punte gekontroleer en memorandums bespreek word. Geen punte aanpassings sal in die derde kwartaal vir hierdie vraestelle aangebring word nie.
Op Vrydag 22 Junie sal daar van 8:00 – 10:00 'n finale geleentheid vir insae in punte wees.

Sessie 1a-vraestelle: Leerlinge tree om 8:00 voor eksamenlokale aan.
Sessie 1b-vraestelle: Leerlinge tree om 10:30 voor eksamenlokale aan.

2. *Skoolbywoning*

Kragtens die nasionale onderwysbeleid mag 'n skool slegs tydens 'n matriekeksamen toestemming aan leerlinge verleen om tuis te studeer. Die Gauteng Departement van Onderwys vereis dat elke leerling die skool elke dag vir die volle duur van die eksamen moet bywoon. Om hierdie rede word die leerlinge in studieklasse ingedeel waar hulle onder toesig studeer.

Indien u verkies dat u seun van die skoolstudie gebruik moet maak, moet u asseblief die graadvoog per e-pos daarvan verwittig. Meld asseblief u seun se volle naam en voogklas.

Graad 8: corstiaan.vermaak@affies.co.za
Graad 9: janhendrik.hattingh@affies.co.za

Indien u nie 'n e-posfasiliteit het nie, stuur asseblief 'n brief saam met u seun skool toe.

3. *Studieklas*

Daar is studielolake van 8:00 tot 13:00 beskikbaar.
<u>Geen leerling mag in die kafeteria of op die terrein wees wanneer hy nie skryf nie.</u>
Indien 'n seun vroeg afgelaai word en eers later eksamen skryf, óf vir sy ouers moet wag na afloop van sy eksamen, moet hy in die studielokaal gaan studeer.
Daar sal elke sessie presensie gehou word van seuns in die studieklas.

4. *Koshuisleerlinge*

Graad 8- en 9-koshuisleerlinge sal onder toesig in die koshuis studeer na afloop van die eerste eksamensessie.
Seuns is self verantwoordelik om in die middae te studeer. Normale studietye geld saans.
Seuns wat gedurende die eksamen nie in die koshuis gaan woon nie, se ouer/voog moet dit skriftelik aan sy gangvoog kommunikeer.

5. *Konsessies*

Leerlinge aan wie konsessies toegeken is, meld aan die begin van die eksamen-sessie (7:30 vir Sessie 1a of 10:00 vir Sessie 1b) voor K11 aan.
Hulle word dan na 'n spesifieke klas gestuur waar hulle vir die duur van die eksamensessie onder toesig studeer en eksamen skryf. Leerlinge moet die volle aangeduide tyd van die vraestel gebruik en sal glad nie toegelaat word om 'n antwoordstel vroeër in te handig nie.

6. *Eksamenregulasies*

6.1 Die ouer moet die skool op die dag waarop 'n leerling 'n vraestel vanweë siekte misloop, skakel en inlig rondom die kind se afwesigheid. By die eerste moontlike geleentheid hierna moet 'n mediese sertifikaat by die Adjunkhoof Akademie ingehandig word. 'n Doktersbrief is die enigste dokument wat 'n leerling laat kwalifiseer vir 'n siekevraestel.

6.2 Presiese tye van elke sessie is op die lokaalrooster aangedui. Leerlinge moet vir die volle duur van die vraestel teenwoordig wees. Laatkommery sal nie geduld word nie, aangesien ander leerlinge daardeur ontwrig en administrasie bemoeilik word.

6.3 Leerlinge tree elke oggend by die eksamenlokale, soos op die lokaalrooster aangedui, aan.

6.4 Geen selfone of ander elektroniese apparaat (bv. tablette, "slim"-horlosies ens.) sal in lokale toegelaat word nie - voorgeskrewe sakrekenaars uitgesluit. Indien 'n leerling 'n selfoon of ander elektroniese apparaat skool toe bring, moet dit op eie risiko in sy tas gelaat word.

6.5 Geen skryfbehoeftes mag uitgeleen of geleen word nie.

6.6 Slegs **deursigtige penneblikke** sal in die eksamenlokaal toegelaat word.

6.7 Geen "Tippex" mag gebruik word nie.

6.8 Leerlinge moet met 'n blou of swart pen skryf.

6.9 Alle skool- en koshuisreëls bly steeds van toepassing en ons vra vriendelik dat u sal toesien dat u seun se voorkoms ook in die eksamentyd reg is.

Vriendelike Affie-groete

DR P EDWARDS
HOOF

ME E VAN LOGGERENBERG
ADJUNKHOOF:AKADEMIE